Mathews Place – Pretoria

Pieter Mathews

Die projek behels die ontwerp van twee woonhuise op 'n beperkte area in Bailey's Muckleneuk. Die woonhuise is rug teen rug ontwerp vir optimum privaatheid en benutting van skaars grond.

Die argitek het opgetree as eienaar-bouer om sodoende eerstehandse praktiese ondervinding op te doen en is 'n voorstaander van die argitek as bouer. Dit het die geleentheid om vryhand details op terrein te ontwerp soos die projek gevorder het. Die opinies van die subkontrakteurs (plaaslike arbeid) is ook in ag geneem tydens die bouproses, waaruit die gemaklike en nie-perfeksionistiese atmosfeer van leef en laat leef tot stand gekom het.

As deurlopende ontwerpverwysing is 'n mengsel van Europe 'Art deco' an Afrika sig-sag motiewe gebruik. Hierdie verwysings kom voor in die ballustrade patroon, deurhandvatsel, deure nisse en hekke.

Lig en oop ruimte speel 'n oorheersende rol in die ontwerp. Lig filtreer die huis binne deur versteekte glasblokke wat nisse verlig, dakligte met hout filter hortjies en groot glas deure met boligte.

'n Voorbeeld van hoe kuns lig en argitektuur gekombineer word is die lig wat deur 'n glasblog in 'n skermmuur val en 'n Afrika masker se oë verlig, om sodoende kuns, lig en argitektuur saam te bind. (Die ingang is rondom hierdie artefak ontwerp en word verder versterk deur die vloerpatroon en daklig).

In die muurafwerking word vier verskillende pleistermetodes gekombineer om die oog te fasineer met detail. Kleure met subtiele verskille (wit en áfwit) is gebruik om die onderskeie teksture verder uit te lig en te beklemtoon.

Meeste van die hout deure en voordeur is gemaak uit hout van gesloopte huise. Die spykergate in die deure is so gelaat om by die karakter van die huis te pas.

Elke houtsoort is toegelaat om sy natuurlike kleur en gryn te wys.

Beperkte ekonomie was die grootse enkele ontwerp oorweging en met 'n baie klein begroting is die projek suksesvol voltooi. ■




WEST ELEVATION
1
2
SITE PLAN
BEDROOM
BEDROOM
BATH
BATH
BED.
UPPER LEVEL PLAN
LOUNGE
GARAGE
DINING
KITCHEN
YARD
STAFF
LOWER LEVEL PLAN
NORTH ELEVATION
SOUTH ELEVATION